

# HOOFSTUK 2



*Die ontwikkeling van die universiteitwese - in besonder in Suid-Afrika*

*Pieter de Klerk & Johann Tempelhoff*



*Aristoteles (Bron: www.http://images.google.com/images {soektog op 10 Jun. 2004})*

Om groter perspektief op die geskiedenis van die PU vir CHO te verkry, word dit in hierdie hoofstuk bekyk binne die wyer konteks van die ontwikkeling van die universiteitswese wêreldwyd, maar in besonder in Suid-Afrika. Die universiteit is 'n instelling wat in die Westerse wêreld ontstaan het en die ontwikkeling van die universiteit in Suid-Afrika is veral deur die ontwikkeling van die universiteitswese in die Weste beïnvloed. Derhalwe is in hierdie hoofstuk eers 'n kort oorsig gegee van die ontwikkeling van die Westerse universiteit, waarna die ontwikkeling met betrekking tot tersiêre opvoedkundige sentra in Suid-Afrika oorsigtelik bespreek is.

## 2.1 Die Westerse universiteit tot aan die einde van die 19de eeu

### 2.1.1 Ontstaan

In die meeste wetenskaplike publikasies word aanvaar dat universiteite gedurende die 12de en 13de eeu in Wes-Europa ontstaan het. Voor daardie tyd het instellings vir hoër onderwys en wetenskapsbeoefening in



*Die Rooms-Katolieke Kerk as daarsteller van kennis in veral kloosters (Bron:http://www.njht.org/profiles/st-columbas-roman.catholic-church.html {soektog op 10 Jun. 2004})*



*Biblioteek van Alexandrië, Egipte* (Bron: http:// www.galenfrysinger.com/alexandria_library_egypt.html)



*Cordoba, Spanje* (Bron: www.http://google.com/images)



*Die Universiteit van Sankore, Timboektoe in Mali* (Bron: www.http://muslimheritage.com {soektog van al bg. op 10 Jun. 2004})

verskillende lande en kulture bestaan. Gedurende die bloeityd van die Griekse beskawing[1] was daar instellings soos die Akademie van Plato (gestig 386 v.C.) en die Lyceum van Aristoteles (gestig 335 v.C) waar onderrig gegee is aan seuns van sestien jaar en ouer.[2]

Groot biblioteke, soos die bekende biblioteek van Alexandrië (Egipte), was gedurende die Romeinse periode sentrums van wetenskapsbeoefening.[3] Met die opkoms van die Christendom het kategeteskole by wetenskaplike sentra soos die biblioteek van Alexandrië ontstaan. In die kategeteskole is geleerde heidene in die Christelike teologie onderrig en het dié skole sentra vir die beoefening van teologie geword.[4] Met die ondergang van die Romeinse beskawing in Wes-Europa gedurende die vyfde tot die sesde eeu is kunsskatte en manuskripte uit die Klassieke tydperk in kloosters bewaar en sommige kloosters het konsentrasiepunte van geleerdheid geword en plekke waar monnike manuskripte bestudeer het. By kloosters en ook by katedrale in die Middeleeuse stede het skole ontstaan wat veral bedoel was vir geestelikes, maar waar ook soms aan edelliede en stedelinge onderrig verskaf is.[5]


Tydens die bloeityd van die Islamitiese beskawing gedurende die tiende en elfde eeue, was daar instellings in stede soos Bagdad en Cordoba (Spanje) waar Griekse manuskripte bestudeer is en waar woordeboeke en ensiklopedieë saamgestel is. Voorts is lesings aan studente in onder meer Letterkunde en Sterrekunde gegee. Professionele skole vir die opleiding van mediese dokters het ook bestaan.[6] Die invloed van die Islamitiese beskawing op Wes-Afrika het gedurende die 15de eeu gelei tot die vestiging van 'n sentrum van geleerdheid in Timboektoe, wat as die oudste universiteit in Afrika suid van die Sahara beskou kan word.[7]

### 2.1.2 Laat-Middeleeue

'n Intellektuele oplewing in Europa was gedurende die 12de eeu aan die orde. Aan sommige katedraalskole was geleerde monnike verbonde wat wye bekendheid as leermeesters verwerf het en sodoende studente van heinde en ver gelok het. Die Universiteit van Parys, wat dateer uit 1180, het ontstaan uit 'n katedraalskool en het sy beslag gekry toe die dosente 'n gilde gevorm het. 'n Gilde was 'n organisasie wat algemeen in Middeleeuse stede voorgekom het, en het bestaan uit mense wat dieselfde beroep beoefen het en na mekaar se belange omgesien het. Die meeste beoefenaars van 'n ambag het as jong seuns vakleerlinge van meesters in die vak geword om sodoende tot 'n gilde toe te tree. Universiteitstudente het dieselfde posisie as vakleerlinge in 'n gilde beklee. 'n Organisasie volgens die voorbeeld van gildes het van die universiteite outonome instansies gemaak wat, anders as die katedraalskole, nie geheel en al onder die gesag van die kerk gestaan het nie. Die Universiteit van



*Die Universiteit van Bologna, Italië (Bron: 2001 {soektog op 10 Jun. 2004})*



*Die Universiteit van Oxford (Bron: www.http:// images.google.com) {soektog op 10 Jun. 2004})*

Parys het die model vir universiteite noord van die Alpe geword. In Italië het die Universiteit van Bologna, gestig in 1158, op 'n ander wyse ontstaan. In Bologna het burgers van die stad wat onderrig in die Regte wou ontvang, self 'n gilde gevorm en leermeesters in diens geneem.[8]

Aan die Middeleeuse universiteit was dikwels vier fakulteite, naamlik Artes Liberales (vrye kunste), Teologie, Regte en Medisyne (later algemeen bekend as Geneeskunde). Alle studente het eers aan die Artes Liberales-fakulteit onderrig in die sogenaamde vrye kunste ontvang. Die vrye kunste was tradisioneel die vakke Grammatika, Retorika, Dialektika (of Logika), Musica, Aritmetica, Geometrica en Astronomica. Onderrig was in die vorm van mondelinge voordragte en voorlesings uit Klassieke manuskripte. Latyn was die algemene universiteitstaal. Studente het geluister en aantekeninge gemaak. Nadat studente enkele jare lesings gevolg het, is hulle geëksamineer en die suksesvolle kandidate het daarna die titel baccalarius (of baccalaureus) ontvang. Hulle kon daarna hulle studie onder leiding van 'n meester voortsit en kon ook sommige van die lesings aanbied. Gespesialiseerde studies kon onderneem word in Teologie, Regte of Geneeskunde waarna studente die titel magister (meester) of doctor kon ontvang. Klassieke outeurs, veral Aristoteles, is beskou as 'n gesaghebbende wat nie bevraagteken is nie. Navorsing is nie aan die Middeleeuse universiteit gedoen nie.[9] Aan sommige universiteite het die gebruik ontwikkel om



*Die Universiteit van Cambridge (Bron: www.http://images.google.com {soektog op 10 Jun. 2004})*

studente, dikwels jong seuns afkomstig van ander plekke, van verblyf te voorsien in huise wat onder toesig van die universiteit gestaan het en waarvan 'n dosent as hoof aangestel is. Hieruit het die kollegestelsel ontstaan wat veral aan die universiteite in Oxford en Cambridge op 'n besondere wyse ontwikkel het. Die kollegehoof en senior studente het as tutors van junior studente opgetree, sodat die kolleges self plekke van onderrig geword het. Persoonlike kontak tussen leermeesters en leerders was hier veel meer as aan ander universiteite. Die vorming van die persoonlikheid van 'n student as mens het derhalwe 'n belangrike kenmerk van hierdie universiteite geword.[10]

## 2.1.3 Verhouding tussen universiteite en kerke

Hoewel universiteite 'n groot mate van outonomie gehad het, het hulle noue bande behou met die Rooms-Katolieke Kerk (RKK). Laasgenoemde het gedurende die Middeleeue 'n dominante rol in die samelewing van Wes-Europa gespeel. Die Kerkhervormingsera sedert die 16de eeu het egter gelei tot kerklike verdeeldheid in Europa, waarna universiteite hoofsaaklik 'n verbintenis met 'n bepaalde kerklike denominasie gehad het. Aan byvoorbeeld die Universiteite van Oxford en Cambridge is tot in 1854 slegs lidmate van die Anglikaanse Kerk (wat toe die staats-kerk van Engeland was) toegelaat.[11] Die godsdienstige eksklusiwiteit van Oxford, Cambridge en ander inrigtings het daartoe gelei dat diegene wat daarteen gekant was, onder meer filosowe wat beïnvloed was deur die Verligtingsdenke, hulle beywer het vir universitêre hervorming.
Gevolglik het die Britse regering in 1836 die Universiteit van Londen opgerig as 'n inrigting wat net eksamens afgeneem en standaarde gestel het. Studente wat aan die verskillende kolleges in Londen gestudeer het, kon vir dié eksamens inskryf. Hierdie model is later ook in verskeie Britse kolonies, waaronder die Kaapkolonie, nagevolg.[12]

## 2.1.4 Selfstandige wetenskaplike ondersoek beklemtoon

Die 17de en 18de eeue was oor die algemeen gekenmerk deur 'n tydperk van verval wat ook deurgewerk het na die Europese universiteite. Die Renaissance het 'n kritiese gees en belangstelling in selfstandige wetenskaplike ondersoek in Europa laat posvat. Hierdie navorsing is voor die 19de eeu egter in wetenskaplike akademies gedoen wat vir dié besondere doel opgerig is en nie aan universiteite nie.[13] Vernuwing in die universiteitswese het laat in die 18de eeu in Duitsland begin. Dit was veral die Universiteit van Berlyn, gestig in 1810, wat die model geword het vir die 19de-eeuse universiteit in Duitsland, maar ook vir universiteite in ander Europese lande. Wetenskaplike ondersoek was van die begin af die vernaamste werksaamheid van



*Die Universiteit van Humboldt, Berlyn (Bron: http://www.hu-berlin.de/deutsch/l_unt_d.htm {soektog op 10 Jun. 2004})*

hierdie universiteit en die onderrig wat verskaf is, is direk aan navorsing verbind. 'n Aantal professore in verskillende vakgebiede is aangestel en lesings is gegee oor onderwerpe wat meestal verband gehou het met hulle navorsingsterreine. Verder is gereelde seminare gehou waaraan gevorderde studente deelgeneem het. Hierdie senior studente was ingelei in die navorsingsmetodes van 'n besondere vak en dus opgelei om self wetenskaplike navorsers te word.

Studente het heeltemal selfstandig gestudeer en geen eksamens aan die universiteit afgelê nie. Eers aan die einde van hul studie is 'n doktorale eksamen afgelê, wat ingehou het dat 'n proefskrif ingedien moes word om te bewys dat hulle die vermoë het tot selfstandige ondersoek. Studente wat tot die beroepslewe wou toetree, het staatseksamens afgelê voordat hulle toegelaat is om as byvoorbeeld 'n mediese dokter of advokaat te praktiseer. Aan hierdie universiteite was die kontak tussen professore en studente beperk. Slegs studente op gevorderde vlak het gereeld in aanraking gekom met hul professore, oftewel meesters. Voorgraadse studente kon wel hulp kry van privaat dosente. Tot laat in die 19de eeu is hoofsaaklik net manlike studente toegelaat. Hulle was merendeels afkomstig uit gegoede families wat dit kon bekostig om hul kinders na hoërskole te stuur, sowel as om hulle ook finansieel op universiteit by te staan.[14]

Alhoewel die meeste 19de-eeuse universiteite deur die onderskeie regerings gefinansier en beheer is, het 'n groot mate van akademiese vryheid geheers. Universiteite het hulle nie doelbewus probeer rig op besondere probleme in die samelewing nie; nog minder is gepoog om aan beroepsvereistes in die samelewing te voldoen. Professore het soms 'n belangrike rol in die openbare lewe gespeel, maar die universiteite het hul veral toegespits op wetenskaplike ondersoek. Univer-

siteite van die 19de eeu het ook 'n baie belangrike rol gespeel in die bevordering van wetenskaplike kennis en die uitbouing van die verskillende vakwetenskappe.[15]

### 2.1.5 Uitbreiding van tersiêre instansies buite Europa

Die Europese ekspansie gedurende die 15de tot 19de eeu het gelei tot die vestiging van Westerse samelewings in onder meer Noord- en Suid-Amerika, Australië en Suid-Afrika, en daarmee ook tot die stigting van universiteite volgens die Europese patroon in ander wêrelddele. In die Britse kolonies in Noord-Amerika is reeds in die 17de eeu privaat kolleges gestig, veral volgens die voorbeeld van die kolleges van Oxford en Cambridge. Hierdie kolleges het meesal 'n kerklike grondslag gehad en slegs voorgraadse onderrig is hier verskaf. Vir verdere opleiding moes studente na Brittanje gaan. Hierdie kolleges het eers in die 19de eeu ontwikkel tot universiteite wat ook nagraadse opleiding verskaf het. Met die uitbreiding van die Verenigde State tot aan die Stille Oseaan is kolleges oral in die nuut geannekseerde gebiede gestig. Die Amerikaners het hulle daarvoor beywer om hoër onderwys aan soveel mense moontlik te verskaf. In 1862 het die Amerikaanse Kongres 'n wet aanvaar wat dit moontlik gemaak het om kolleges uit die verkoop van regeringsgrond te finansier. Aan hierdie kolleges is, naas die tradisionele akademiese dissiplines, ook meer praktykgerigte vakke aangebied.[16]



*Voorbeelde van universiteite in Noord-Amerika:*
*a) Yale, (Bron: www.http://images.google.com_{soektog op 10 Jun. 2004})*



*b) Cornell (Bron: www.http://images.google.com_{soektog op 10 Jun. 2004})*

## 2.2 Die 20ste-eeuse universiteit

### 2.2.1 Universiteitstrukture

Aan die begin van die 20ste eeu het die Westerse universiteitstelsel bestaan in 'n milieu waarin die Europese voorbeeld van onderrig, binne die raamwerk van die Von Humbold-universiteit, steeds grotendeels nagevolg is. Onderwyl geëksperimenteer is met nuwe infrastrukturele en bestuurstrukture, veral in die geval van universiteite in die Verenigde State van Amerika, is 'n bepaalde orde in stand gehou. In kontinentale Europese state is met 'n groot mate van verantwoordelikheid omgegaan om te verseker dat die imperiale orde behoue bly. Brittanje se universiteitstruktuur het byvoorbeeld op drie verskillende vlakke gemanifesteer. Heel bo was die nasionale universiteite, waarvan die beste voorbeeld as die Oxbridge-kategorie beskryf kan word. Direk daaronder was die Universiteit van Londen en die latere Imperial College, wat vir die toesig van tersiêre onderrig (ook in Suid-Afrika) verantwoordelik was.[17]

Op die onderste vlak was provinsiale universiteite wat in die bestaande vraag na onderwys op streeksgemeenskapsvlak voorsien het.[18] Universiteite aan die bopunt van die skaal het buitengewone outonomie gehad. Akademiese vryheid is gerespekteer. Hierdie universiteite was in die reël konserwatief en het by uitstek voorsien in die behoefte van die meer gegoede klasse binne die samelewing. Die tweede vlak, naamlik die Universiteit van Londen, was 'n instelling wat in die behoeftes van die Britse ryksbelange moes voorsien. 'n Groot mate van inspraak in die ontwikkeling en bedryf van die universiteit as instelling is deur die staat uitgeoefen. Van daar af is die imperiale intellektuele tradisie asook navorsingsaksies oor koloniale invloedsfere van stapel gestuur. Provinsiale universiteite was afgestem op die opkomende middelklas wat gedurende die nadraai van die nywerheidsomwenteling, as gevolg van hulle verbeterde ekonomiese posisie, 'n behoefte aan hoër onderwys gehad het. Die gevolg was dat die eksklusiewe aard van universiteite stelselmatig begin verander het. Dit was veral Britse intellektueles wat die sinvolheid ingesien het om, in ooreenstemming met demokratiese beginsels, hulle te beywer dat mense uit die laer klasse ook toegang tot universiteitsopleiding kry.[19]



*Die Imperial College, Londen wat toesig gehou het oor tersiêre onderrig in Suid-Afrika (Bron: www.http://images.google.com {soektog op 10 Jun. 2004})*

## 2.2.2 Universiteitswese in Europa gedurende die Wêreldoorloë

Die ontwikkeling van die universiteitswese in Duitsland en Frankryk was sedert die 19de eeu betreklik stadig. Hierdie stadige ontwikkeling kan toegeskryf word aan die toestand wat voorgespruit het uit die heersende langtermynsiklusse van hul onderskeie ekonomieë. Dié toestand het, soos elders in Europa, tot ná Wêreldoorlog II (1939-1945) bly voortduur. Die ná-oorlogse era is gekenmerk deur die opkoms van 'n welsynstaatbenadering in Wes-Europa. Gevolglik het Europese regerings die verantwoordelikheid gehad om meer onderwysgeleenthede vir landsburgers te voorsien. Só is nuwe betekenis gegee aan respek vir 'n kultuur van menseregte en demokrasie. Te midde van ongekende ekonomiese vooruitgang het Westerse state toenemend en meer omvattend vir universiteitsopleiding voorsiening gemaak.[20]


Die Koue Oorlog tussen Westerse kapitalistiese state en die Oosbloklande (1946-1989) het omvangryke politieke gevolge vir hoër onderwys ingehou. Vrese vir die uitbreek van 'n derde wêreldoorlog en die hoogbloei van eksistensiële pasifisme het in die ná-oorlogse intellektuele wêreld apatie ten opsigte van die ideologiese stryd tot gevolg gehad. Teen die einde van die sestigerjare was studente-onrus op universiteitskampusse in Europa en die Verenigde State van Amerika aan die orde. 'n Nuwe geslag jeugdiges wat deel was van die vinnige bevolkingsgroei ná 1945, het verskeie eise gestel. Onder meer is verwag dat die ideologiese konflik tussen Oos en Wes bygelê word; dat universiteitsonderwys meer toeganklik vir alle landsburgers gemaak word en dat kulturele ontevredenheid in die geledere van 'n nuwer geslag gehanteer word.[21] Vir die staat was dit dikwels moeilik om doeltreffend beheer uit te oefen op universiteitskampusse waar studentegetalle teen 'n ongekende tempo gegroei het.[22] As hierdie tendense teen die PUK-ontwikkeling van die vyftiger- en sestigerjare gespieël word, is sommige van die ooreenkomste opvallend.

## 2.2.3 Globalisering van kennis en tegnologie

Universiteite het spoedig deel geword van 'n groter kennisgemeenskap waar private navorsings- en onderriginstansies almal besig was om die wetenskaplike kennisruimtes van hul spesifieke tydsgewrig te verken. Bepaalde owerheidsgefinansierde instellings is ook tot stand gebring, spesifiek met die opdrag om navorsing te doen. Die implikasie daarvan was dat die universiteit as intellektuele instelling lank nie meer die alleenreg op die ontginning van kennis en tegnologie gehad het nie.[23] Nuwe aksente in die politieke ekonomie was aan die orde – 'n faktor wat 'n bepalende invloed op die onderwys

uitgeoefen het. Vanaf die sewentigerjare het die welsynstaatskonsep in die Weste steun verloor. Dit het gepaard gegaan met ekonomiese stagnasie in Europa – 'n aspek wat besonder duidelik op die onderwysfront gemanifesteer het.[24] Ook in Afrika was dié tendens aanwesig.[25] Waar gematigde regerings aan bewind gekom het, is die beginsel van 'n neo-liberale beleidsrigting nagevolg. In Frankryk het dit neergekom op die propagering van ondernemerskap en 'n desentralisering van die onderwys.[26]

In Brittanje is byvoorbeeld begin om politechnikons en kolleges by die universiteitsektor in te skakel. As gevolg daarvan het subsidietekorte aan universiteite ontstaan.[27] Regerings wêreldwyd het begin om hul bystand aan tersiêre opvoedkundige instellings in te perk.[28] Terselfdertyd het die kultuur van die wetenskap 'n klaarblyklike volhoubare momentum gekry. By geleentheid is gereken dat nagenoeg 5% van die totale bevolking in die noordelike halfrond bedrywig was op die terrein van wetenskap en tegnologie. In terme van die wêreldbevolking is die syfer op nagenoeg 2% gestel.[29] Ofskoon die aanduiding in persentasie relatief laag voorkom, behoort dit gesien te word teen 'n baie meer dinamiese agtergrond. Toenemende ontwikkeling op alle kommunikasieterreine het ook 'n kennisontploffing meegebring. Universiteite as instellings waar juis ondersoek ingestel is na beter kommunikasie en die verspreiding en uitdra van inligting, het in baie opsigte 'n ekonomiese selfgedrewenheid ontwikkel. Studente (wat toenemend as kliënte gesien is) het begin om sonder volledige staatsubsidie aan universiteite te studeer. Hulle het self daarvoor begin betaal. Nog meer, die beginsel van die verdemokratisering van kennis – toegang vir meer mense tot verdere opleiding – het beslag gekry. Die voorwaarde was natuurlik dat die kliënt vir die opleiding moet betaal.



*Die Eiffeltoring, Frankryk (Bron: www.http:// images.google.com {soektog op 10 Jun. 2004})*

Met die beëindiging van die Koue Oorlog aan die einde van die tagtigerjare is 'n era ingelui waarin die agenda van universiteitsonderwys toenemend en regstreeks met globalisering in verband gebring is. Hierdie denkrigting is deur die logika van die laat-kapitalisme onderskryf.[30] In die universiteitsbestel het globalisering beteken dat gestreef word na die daarstelling van meer eenvormige beleidsrigtings en die inwerkingstelling van sinvolle meganismes om gehaltebeheer in universiteitsonderrig en -navorsing te verseker. Dit het ook tot gevolg gehad dat die eienskappe van die tipiese universiteitstudent verander het. Elektroniese onderrigstelsels wat universiteitsonderrig in die kuberruimte onbegrens maak, het bepaalde response van individue tot gevolg gehad. In die geval van die individuele student was veral vier duidelike veranderinge aan die orde:

- die onttrekking van betrokkenheid by gemeenskapsaktiwiteite en die instandhouding van demokratiese instellings;
- die erkenning van politieke gelykheid wat bepaal is op grond van horisontale verhoudings van wedersydse ooreenkoms en samewerking;
- 'n afname in verdraagsaamheid vir diverse standpunte wat nie met globaliseringsprosesse versoenbaar is nie, en
- die strewe na aktiewe betrokkenheid by gemeenskapsverenigings wat samewerking aanmoedig ondanks konflikterende en uiteenlopende waardes.[31]

Wat die Nederlandse historikus, Jan Romein, ná Wêreldoorlog II as die "vereensamingsproses" van die mens beskryf het, is aan die begin van die nuwe millennium as onttrekking en isolasie in 'n geprivatiseerde bourgeois-wêreld beskou.

Universiteite het internasionaal met mekaar begin meeding om studente te werf wat in alle wêrelddele op virtuele kampusse kon inskakel om gevorderde onderwysopleiding te ondergaan. Waar tegnieke van kontakonderrig aan die begin van die 19de eeu 'n belangrike fokuspunt in universiteitsonderrig was, het die kernprobleem van universiteitsonderrig aan die begin van die 21ste eeu gewentel om maniere waarop die student gemotiveer kon word om selfleertegnieke te ontwikkel.[32]

Ook die leefwêreld van die akademikus is deur die nuwe internasionale bestel beïnvloed. Saam met die globaliseringsproses het 'n toenemende beweeglikheid van akademici oor nasionale grense heen plaasgevind. Hulle bewegings is gekoppel aan die behoefte om meer internasionale ervaring in hul betrokke spesialisasieter-



*Die Yousei Universiteit, Hong Kong (Bron: www.http://images.google.com {soektog op 10 Jun. 2004})*



*'n Toenemende globalisering van kennis en geleenthede tot die verwerwing van kennis (Bron: www.http://images.google.com {soektog op 10 Jun. 2004})*

reine op te doen. Die mees omvattende internasionale akademiese gemeenskap ter wêreld was aan die begin van die nuwe millennium in Hong Kong gesetel.

Die bestuur van universiteite het in die nuwe era ook verander. Bestuurskundiges het gewag gemaak van 'n "kultuur van doeltreffendheid" wat in universiteite se bestuursgeledere posgevat het. Akademiese hoofde het toenemend kenners van bestuurstegnologie geword. Hulle het ook toenemend by nuwe internasionale tendense ingeskakel en daarna gestreef om meting binne 'n internasionale konteks te laat plaasvind. Ekonomiese globalisering en strukturele aanpassings is daardeur in die hand gewerk.[33]

## 2.3 Universiteite in Afrika

In Afrika was Egipte, benewens Suid-Afrika, die enigste staat wat aan die begin van die 20ste eeu (1909) oor die geriewe van 'n Westerse universiteit beskik het.[34] Elders in Afrika sou universiteite eers in die tydperk ná Wêreldoorlog II tot stand kom. Koloniale owerhede het, in ooreenstemming met die heersende bedryfstendense in die moederland, plaaslike universiteite tot stand gebring. Britse koloniale universiteite is gekenmerk deur die Angelsaksiese tradisie terwyl Franse koloniale universiteite dieselfde burokratiese eienskappe as dié in metropolitaanse Frankryk vertoon het. Die Belgiese koloniale universiteitswese op sy beurt is deur 'n paternalistiese beheerstelsel gekenmerk.[35]

Sedert die dekolonialisering van Afrika gedurende die vyftiger- en sestigerjare het studentegetalle aan universiteite aansienlik gestyg. Tog het die *per capita*-getalle gekwalifiseerde mense in verhouding tot die totale bevolking van nasionale state steeds laag gebly.[36] Die ontwikkeling van universiteitsonderrig is voortdurend deur studente-onrus aan bande gelê.[37] Die redes daarvoor was selde op dieselfde lees geskoei as in Europa en Noord-Amerika. Benewens die aandrang op demokratisering was die studente-onrus ook gekoppel aan die stelselmatige ineenstorting van primêre en sekondêre onderwysstelsels in die postkoloniale era. Navorsing in Afrika, oor Afrika, het in dié proses skade gely. Reeds vanaf die tagtigerjare is die meeste van die wetenskaplike navorsingswerk oor Afrika deur wetenskaplikes van die sogenaamde Eerstewêreldlande onderneem.[38] Soos elders in die Derde Wêreld was daar 'n aansienlike toename in die getal studente wat verdere onderwysgeleenthede buite hul state van herkoms gesoek het. Wêreldwyd het die getalle van studente wat in die buiteland gaan studeer het, teen die einde van die 20ste eeu met 30% gestyg. Daarteenoor was daar 'n afname in studente wat hul kundigheid weer na hul state van herkoms gekanaliseer het. Dit was veral die geval in die sogenaamde Derdewêreldstate, waar 97% van die studente in ontwikkelde state gaan studeer het, maar min weer na hul lande van herkoms teruggekeer het. 'n Emigrasie van kundiges uit ontwikkelende lande na ontwikkelde lande was ook aan die orde van die dag.[39] In 'n globaliserende wêreld het dit bykans 'n ongeskrewe reël geword dat behoeftige mense in ontwikkelende state van opvoedkundige geleenthede afgesny is. Die beleid dat vir onderwys betaal moet word, soos voorgestel deur die Wêreldbank, het tot gevolg gehad dat meer mense van doeltreffende onderwys afgesny is.[40] Tog het die aantal studente in die tersiêre onderwyssektor steeds toegeneem. Wêreldwyd is bereken dat die gemiddelde persentasie van nasionale bevolkings wat hoër onderwys ontvang, van 14% in 1960 tot 19% in 1990 gestyg het.[41] Die globaliseringsproses het ook die terrein vir meer internasionale samewerking tussen universiteite en akademici moontlik gemaak. Suid-Afrikaanse universiteite, wat tot aan die einde van die tagtigerjare weens internasionale kulturele boikotte in isolasie verkeer het, was teen die daaropvolgende dekade wêreldwyd met geïntegreerde skakelingsaksies besig.[42] Oor die algemeen is van die standpunt uitgegaan dat akademiese netwerkvorming ter wille van akademiese uitnemendheid moet plaasvind.[43] Anglo-Amerikaanse samelewings het die meeste voordeel uit die internasionalisering van onderwys getrek. Net so



*Van die paar universiteite in Suid-Afrika soos in 2003: Universiteit van die Vrystaat, Rhodes Universiteit, Universiteit Durban-Westville, Universiteit Pretoria, Universiteit Port Elizabeth, Universiteit Stellenbosch*
(Bron: Erkenning aan die Argiewe en skakelafdelings van die onderskeie universiteite)

het lande soos die Verenigde State van Amerika, Brittanje, Kanada, Australië en Nieu-Seeland veranderingstendense reeds vroeg nagespeur en vroegtydige stappe gedoen om by die nuwe onderwystegnologie aan te pas.[44]

Universiteite het wêreldwyd ook opnuut hul doelwitte gestel om gespesialiseerde menslike hulpbronne in 'n moderne staatsbestel te voorsien.[45] Hierdie voorsiening moes grootliks onderneem word binne die raamwerk van die behoeftes wat in samelewings bestaan het.[46] Gevolglik is klem gelê op meer gespesialiseerde nagraadse onderrig, die implikasies van snel verouderende tegnologie en die ontwikkeling en finansiering van navorsingsprogramme wat op suiwer wetenskapsontwikkeling gebaseer is en nie van 'n kommersiële aard is nie.[47] In die twintigste eeu was daar 'n aansienlike toename in inisiatiewe in die privaat sektor met betrekking tot navorsing en onderrig.[48]

## 2.4 Karakter-universiteitsinstellings


Teen laat in die 20ste eeu het 'n groot verskeidenheid karakter-universiteite in alle wêrelddele tot stand gekom. Hierdie universiteite is gekenmerk deur die feit dat hulle 'n bepaalde fundamentele uitgangspunt, soos byvoorbeeld 'n godsdienstige grondslag, of 'n besondere kulturele uitgangspunt, onderskryf. Navorsing het voorts daarop gedui dat in state soos Nederland, België en Israel die owerheid daadwerklike steun in die vorm van befondsing gegee het. Hierdie instellings is ook as 'n wesenlike deel van die staat se beheer oor die onderwys beskou. In die geval van die Verenigde State van Amerika is 'n streng neutralistiese beleid nagevolg. As gevolg van die onderskeid tussen staat en kerk is, in ooreenstemming met die grondwet, godsdiensbeoefening aan staatsfinansiering gekoppel. Om dié rede is karakter-universiteite in 'n groot mate deur privaat ondernemerskap gefinansier. In byvoorbeeld Duitsland was geen karakter-universiteite nie. So ook in Kanada waar geen voorsiening vir staatsbefondste karakter-universiteite gemaak is nie. Erkenning is wel gegee aan teologiese instellings wat onderrig in godsdienskunde aangebied het.[49]

## 2.5 Ontwikkeling van universiteite in Suid-Afrika

### 2.5.1 Kolleges in die Kaapkolonie

Soos in die Britse kolonies in Noord-Amerika en ander wêrelddele, het kolleges in die Kaapkolonie tot stand gekom wat studente nie net voorberei het vir die matrikulasie-eksamen nie, maar wat ook verdere opleiding verskaf het. Hieronder tel die South African College wat in 1829 in Kaapstad gestig is. Terwyl hierdie kollege gestig is op grond van die inisiatief van 'n groepie invloedryke Engels- en Nederlandstalige inwoners, is verskeie ander opvoedkundige inrigtings deur kerke in die lewe geroep. Die Anglikaanse Kerk was in 1849 verantwoordelik vir die stigting van die Diocesan Collegiate School in die Kaapstadse voorstad Rondebosch.[50] Op Stellenbosch het 'n teologiese skool van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) in 1859 tot stand kom. Dié inrigting wat leerlinge voorberei het vir toelating tot 'n teologiese skool, het vanaf 1887 bekendgestaan as Victoria College.[51] Op sy beurt het 'n teologiese skool van die Gereformeerde Kerk in 1869 op Burgersdorp tot stand gekom.[52] Effens vroeër, in 1859, is 'n kweekskool vir voornemende predikante vir die NGK in die Republiek van die Oranje-Vrystaat gestig. Hierdie kweekskool is teen 1872 omvorm as die Grey College.[53]

Voorts is 'n raad van openbare eksaminatore, bekend as die Board of Public Examiners in Literature and Science, in 1859 in Kaapstad begin. Hierdie Raad het eksamenvraestelle opgestel waarvoor studente wat aan kolleges gestudeer het, kon inskryf. Naas eksamens in kursusse wat in die staatsdiens vereis is, kon eksamens afgelê word vir die verwerwing van B.A.- en M.A.-grade.[54] In 1873 is hierdie eksaminerende raad omskep in 'n eksaminerende universi-



***Die ou Hoofgebou van die Victoria College (Bron: Universiteit Stellenbosch)***

teit, geskoei op die lees van die Universiteit van Londen,[55] en genoem die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop. 'n Benoeming van beheerraadslede vir dié universiteit is deels deur die Kaapse goewerneur hanteer. Kolleges wat tóé bestaan het, het aanvanklik geen formele band met hierdie liggaam gehad nie en het privaat instansies gebly. Volgens die Hoër Onderwyswet van 1874 is sekere kolleges wel deur die Kaapse regering as universiteitskol-




*Teologiese Skool Burgersdorp (Bron: PUK-Argief)*

leges erken, in welke geval 'n salaristoelaag aan professore van die kolleges betaal is. Naas die reeds gemelde South African College, Victoria College en Diocesan College het die Hugenote-kollege op Wellington (wat veral vir vroue bedoel was) asook kolleges op Graaff-Reinet en Somerset-Oos hierdie status verwerf. Laasgenoemde twee inrigtings het, soos Diocesan College, later daarvan afgesien om "na-matrikulante" op te lei.[56]

### 2.5.2 Tersiêre strukture in die 20ste eeu

Na die twee Boererepublieke deur Brittanje verower is tydens die oorlog van 1899-1902, is die vier Britse kolonies in Suid-Afrika in 1910 as die Unie van Suid-Afrika verenig. Al vier kolonies het na 1902 verteenwoordiging op die Raad van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop verkry. Op grond van die inisiatief van plaaslike gemeenskappe en sakeleiers het verdere universiteitskolleges tot stand gekom, waaronder die Rhodes Universiteitskollege te Grahamstad (1904),[57] die South African School of Mines and Technology in Johannesburg (1906), die Transvaalse Universiteitskollege in Pretoria (1908)[58] en die Natalse Universiteitskollege te Pietermaritzburg (1910). Grey College is in 1910 as universiteitskollege erken.[59] In 1916 is wetgewing deur die Unieregering aanvaar waarvolgens drie selfstandige universiteite tot stand gekom het. Die eerste een was die Universiteit van Kaapstad (vroeër South African College), wat deur 'n erflating van die mynmagnaat, Cecil Rhodes, oor aansienlike finan-




*Die Grey College, Bloemfontein (Bron: Universiteit van die Vrystaat: Strategiese Kommunikasie-afdeling)*

siële vermoëns beskik het. Die tweede universiteit was die Universiteit van Stellenbosch (vroeër die Victoria College), waar die onderrigmedium Nederlands was en 'n dekade later Afrikaans. Die derde universiteit is genoem die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa), wat die volgende instansies ingesluit het: die ou eksaminerende Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop en die ses kolleges wat toe as universiteitskolleges erken is (Grey, Hugenote,[60] Natal, Rhodes, Transvaal en die South African School of Mines and Technology).[61] In 1921 is die Potchefstroomse Universiteitskollege[62] by Unisa ingelyf.[63]

Sedertdien het die meeste van die vermelde universiteitskolleges die status van onafhanklike universiteite verkry. So het die Universiteit van die Witwatersrand (vroeër die South Africa School of Mines and Techno-logy) in 1922,[64] en in 1930 die Universiteit van Pretoria (vroeër die Transvaalse Universiteitskollege), tot stand gekom.[65] 'n Kommissie onder voorsitterskap van E.H. Brookes het in 1947 aanbeveel dat die oorblywende kolleges ook na onafhanklikheid moet beweeg. Enkele jare later het nog vier selfstandige universiteite tot stand gekom, naamlik die Universiteit van Natal (1949), die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (1950), die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (1951)[66] en die Rhodes Universiteit (1951).[67]

## 2.5.4 Afstandsonderrig en toelatings

Sedert die stigting van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop in 1873, 'n universiteit wat veral geskoei was op die lees van afstandsonderrig en eksaminering soos reeds vroeër vermeld is, het studente met die afstandsonderrigbenadering van Unisa opnuut 'n geleentheid gekry om op hul eie te studeer en dan vir die eksamens aan hierdie universiteit in te skryf.[68] In die vermelde periode was daar geen wetlike beperkings op die toelating van studente van verskillende rassegroepe tot kolleges en universiteite nie, hoewel die oorgrote meerderheid studente uit die blanke bevolking afkomstig was. Enkele swart en gekleurde studente het reeds laat



***Die Universiteit van Suid-Afrika***
***(Bron: Unisa: Skakelafdeling)***



***Die Universiteit van Kaapstad (Bron: Universiteit van Kaapstad, Fakulteit Skakeling, Departement Kommunikasie & Ontwikkeling)***

in die 19de eeu klasse aan die universiteitskolleges in Kaapstad en Stellenbosch bygewoon.[69] Min persone uit dié bevolkingsgroepe het gedurende hierdie jare verder as matrikulasievlak gevorder. Vroeg in die 20ste eeu het die Kaapse owerheid besluit om 'n kollege op die been te bring wat veral in die onderwysbehoeftes van die swart bevolking moes voorsien (hoewel mense van alle rasse daar kon studeer). Die South African Native College, wat later ontwikkel het tot die Universiteit van Fort Hare, het in 1916 in die Oos-Kaap tot stand gekom en in 1923 sy eerste B.A.-gegradueerde gelewer.[70] Hierdie inrigting was nooit amptelik een van Unisa se konstituerende kolleges nie, hoewel dit 'n toesighoudende funksie ten opsigte daarvan verkry het.[71]

## 2.5.5 Die uitwerking van die apartheidsbeleid op universiteitsontwikkeling en -toelatings

Die apartheidsbeleid wat vanaf 1948 amptelik toegepas is, het daartoe gelei dat rasseskeiding ook formeel op die universiteitswese afgedwing is. Ten spyte van heftige teenkanting van veral Engelstalige universiteite wat studente van alle rasse toegelaat het, is die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding in 1959 deurgevoer. Dit het bepaal dat swart en gekleurde persone nie toegelaat is tot die reeds bestaande universiteite nie, behalwe in bepaalde studierigtings wat nie aan inrigtings wat vir swart en gekleurde studente ingestel is, aangebied is nie. Prof. J. Chr. Coetzee, Rektor van die Potchefstroomse Universiteit in 1959, het ook sy misnoeë laat blyk teenoor die Kommissie oor die Wetsontwerp op Afsonderlike Universiteitsopleiding waarin die regering oënskynlik redelik beheer wou hê. 'n Engelstalige koerant het só hiervan verslag gedoen: "These proposals have been questioned by members of the academic world without distinction of the party ... Professor J.C. Coetzee ... stated his objections before the commission and repeated them in a lecture at Stellenbosch ... Coetzee ... insisted that all sections of the population must have completely equal privileges and prospects."[72]



*Universiteit van Fort Hare (Bron: www.http://images.google.com) {soektog op 10 Jun.2004})*

Dit blyk wel dat gehoor gegee is aan die pleidooie vir akademiese selfstandigheid. Naas die bestaande universiteitskollege van Fort Hare is twee nuwe kolleges vir swart studente ontwikkel, en een elk vir kleurlinge en Indiërs.[73] Al vyf inrigtings het gedurende 1970-1971 as selfstandige universiteite gefunksioneer, en onderskeidelik bekendgestaan as die Universiteit van Fort Hare, die Noorde, Zoeloeland, Wes-Kaapland en Durban-Westville.[74] 'n Bykomende toevoeging tot tersiêre geleenthede vir swart en bruin mense asook vir Indiërs was die Mediese Universiteit van Suid-Afrika (Medunsa) wat in 1976 naby Pretoria opgerig is, gevolg deur die Vista-universiteit in 1981. Vista was veral bestem vir studente in stedelike gebiede en kampusse is versprei oor die hele land.[75] Die regeringsbeleid van Suid-Afrika om die "swart tuislande", soos deur die regering bepaal, tot onafhanklikheid te lei, het gedurende die tagtigerjare 'n bykomende drie universiteite opgelewer, naamlik die Universiteit van Transkei, Bophuthatswana[76] en Venda.

Vir blanke studente is twee bykomende universiteite gedurende die sestigerjare begin, naamlik die Universiteit van Port Elizabeth (1964) en die Randse Afrikaanse Universiteit (1967).[77] 'n Toename in tersiêre studente is as motivering vir hierdie ontwikkeling voorgehou. Terugskouend was daar in 1910 slegs 1 100 studente aan Suid-Afrikaanse universiteite geregistreer, en die totale getal teen 1940 was 13 300. Daarna is 'n fenomenale groei aangeteken, naamlik sowat 40 000 blanke studente in 1960 en 78 000 blanke studente in 1970.[78] Hierdie groei is gedeeltelik veroorsaak deur bevolkingsaanwas, maar veral ook deur die feit dat al meer blankes die geleentheid gekry het om onderwys tot matriek te ontvang en universiteitstoelating te verkry. As slegs die blanke bevolking in ag geneem word, was die persentasie van die bevolking wat in 1968 aan universiteite gestudeer het die hoogste ter wêreld – met die uitsondering van die VSA.[79] Universiteite was die eerste keuse vir diegene wat tersiêre onderwys wou ontvang.



*Die studentekafeteria van die eertydse Universiteit Bophuthatswana (Bron: Skakelafdeling, NWU, Mafikengkampus)*



*Die Universiteit van Transkei (Bron: Die skakelafdeling, Universiteit van Transkei)*




*Die Randse Afrikaanse Universiteit (Bron: "International Opportunities at the Rand Afrikaans University", Prospectus, s.j., p. 5)*

Die ekonomiese besef dat 'n groot behoefte aan tegnies opgeleide mense bestaan, het in 1967 gelei tot wetgewing waarvolgens 'n aantal kolleges vir gevorderde tegniese onderwys, later bekend as technikons, opgerig is.[80] Hierdie inrigtings het geleidelik 'n al hoe groter aandeel in tersiêre onderwys verkry.[81]

Hoewel verskillende universiteite in Suid-Afrika hul oorsprong het in kolleges wat deur privaat inisiatief opgerig is, het al die universiteite volwaardige universiteitstatus by wyse van wetgewing verwerf. Die wette het bepaal dat universiteite outonome instansies is wat gedeeltelik deur staatsbydraes gefinansier word. Verder is ook bepaal dat universiteite as selfstandige instellings beheer word deur 'n universiteitsraad, maar dat sommige raadslede deur die regering benoem sal word. Terwyl die "blanke" universiteite nooit geheel en al onder die gesag van die regering gestaan het nie en dus nie werklik staatsuniversiteite genoem kan word nie, het die "histories swart" universiteite wat vanaf 1970 universiteitstatus gekry het, meer direk onder die gesag van bepaalde staatsdepartemente geval.[82] Hulle het ook 'n groter deel van hul inkomste van die staat ontvang as die "histories blanke" universiteite. Die sogenaamde Holloway-formule, wat vanaf 1951 toegepas is om hierdie universiteite se subsidie te bereken, en wat hoofsaaklik gebaseer was op studentegetalle, is in 1984 vervang met 'n nuwe subsidieformule, wat onder meer groter klem geplaas het op slaagsyfers en navorsingsuitsette.[83]

In die sestigerjare het oproerighede onder studente, soos vroeër vermeld is, samelewings in verskillende wêrelddele beïnvloed. Dit was ook die geval in Suid-Afrika. Aan Engelstalige universiteite was daar min steun vir die regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling; gevolglik is die National Union of South African Students (NUSAS) wat in 1924 aan die Grey College in Bloemfontein gestig is, gebruik om teen die maatreëls te protesteer.[84] By Afrikaanstalige universiteite was die Afrikaanse Studentebond (ASB) vanaf die vyftigerjare op die voorgrond met die stryd om steun aan die regering se onderwysinisiatiewe te gee.[85] Dit was veral uit die geledere van NUSAS dat politieke verset teen die regering se rassebeleid laat gedurende die sestigerjare



UNIE VAN SUID-AFRIKA

Verslag

van die

Kommissie van Ondersoek na Universiteitsfinansies en -salarisse, 1951

Prys 6s. 9d.

G.P.-S.6109—1953-4—600.

T398


*Die 1951-Holloway-verslag (Bron: Unie van Suid-Afrika, 1951)*

ernstig gedebatteer is. Die algemene polities plofbare atmosfeer in die land het die owerheid genoodsaak om op te tree.[86] 'n Kommissie van ondersoek is in 1972 aangestel om die optrede van NUSAS na te gaan, maar van owerheidsweë is van geen overte optredes kennis geneem nie. Teen daardie tyd het swart studente in Suid-Afrika onder die vaandel van die Swartbewussynsbeweging tot die stigting van die South African Students Organisation (SASO) oorgegaan.[87] Dit was uit hierdie geledere dat die grondslag vir die onderwysonrus van die sewentigerjare gelê is.[88]




### 2.5.6 Die onderwysstelsel in die spervuur

Sedert 1973 was daar aanduidings van 'n grootskaalse ontevredenheid met die onderwysstelsel. Die Soweto-opstande wat in Junie 1976 uitgebreek het as deel van 'n verset teen die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal in swart onderwys op skool, het spoedig na die swart universiteite oorgespoel. Die opstande van 1976-1977 het die krisis verdiep. In die lig daarvan is daadwerklike stappe deur die regering geneem om aanpassings in die onderwysstelsel aan te bring. Die De Lange-ondersoek na onderwys in Suid-Afrika het aan die lig gebring dat 'n groot behoefte aan onderwys vir al die land se mense bestaan het. Groot bedrae geld is belê in die swart universiteitsbedryf om kernprobleme en -behoeftes te hanteer. Teen die tagtigerjare het Suid-Afrikaanse universiteite egter, net soos buitelandse eweknie-instellings, groot beperkings op owerheidsbesteding in die gesig gestaar. Daarmee saam het studente-onrus weer posgevat nadat 'n nuwe grondwetlike bestel in 1984 ingevoer is om 'n parlementêre driekamerstelsel te skep. In 'n stadium was daar sprake dat universiteitsubsidie as gevolg van die onrus verminder sou word, maar daarvan het niks gekom nie. Met die verslapping van die *de facto*-apartheidsbeleid het histories Afrikaanstalige universiteite toenemend begin om swart studente van opleiding te voorsien.[89] Ten tye van die opheffing van die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding (1959) in 1991, het die histories



***Prof. J.P. de Lange van RAU wat 'n ondersoek na die onderwys in Suid-Afrika gelei het (Bron: PUK-Argief)***

blanke universiteite van Suid-Afrika reeds gevorder op die weg van veelrassige integrasie op akademiese terrein.[90]

## 2.5.7 Onderwys in 'n nuwe demokratiese bedeling

Die oordrag van politieke mag aan die ANC-regering in Mei 1994 is gekenmerk deur 'n vreedsame oorskakeling. Ondanks geldelike tekorte weens verminderde subsidie[91] het universiteitsleiers daarvan kennis geneem dat Suid-Afrikaanse universiteite hulself met die aard en karakter van universiteite in Afrika moet vereenselwig.[92] Onder universiteitswerknemers het vrese bestaan oor regstellende aksie,[93] terwyl die toekomstige status van Afrikaans as voertaal aan histories Afrikaanstalige universiteite kommer gewek het.[94] Van regeringskant was daar aandrang dat onderwysgeriewe vir alle mense, veral vir diegene uit gemeenskappe met historiese agterstande, meer geredelik beskikbaar gestel moes word.[95] In die lig daarvan is aan die einde van 1994 'n Kommissie vir Hoër Onderwys aangestel om die land se hoër onderwys te ondersoek.[96] In die besonder moes gelet word op wat die bestaande opset in die onderwys is, die toekomstige behoeftes en prioriteite, asook die institusionele en kwalifikasieraamwerk. In blanke universiteitsgeledere is dié maatreëls gesien as 'n manier om druk uit te oefen sodat groter getalle studente uit histories agtergeblewe gemeenskappe as studente aan die land se voormalige blanke universiteite kon studeer.[97] Dit het egter om veel meer gegaan. 'n Merkwaardige transformasie was besig om plaas te vind. Statistiese gegewens het op 'n meer omvattende ontwikkeling gedui. In 1980 was daar 114 744 blanke studente teenoor 18 289 swart studente aan die universiteite in Suid-Afrika. Teen 1996 is 126 797 blanke studente aangeteken – teenoor 182 881 swart studente. Ook binne die geledere van die kleurling- en Indiërgemeenskappe het studentegetalle in dié tydperk wesenlik gegroei.[98] Die werklike toets vir universitêre instellings het in 1996 gekom met nuwe voorstelle vir die onderwys wat aan die regering bekendgemaak is deur die Kommissie vir Hoër Onderwys. Dié bekendmaking is voorafgegaan deur 'n seminaar wat in Salzburg, Oostenryk, plaasgevind het om perspektief oor die doelwitte met tersiêre onderwys in Suid-Afrika te kry.[99] Een van die belangrikste voorstelle was dat bestaande onderwys-, verpleeg- en landboukolleges by universiteite ingeskakel moes word. Verder is in die vooruitsig gestel dat die rade van universiteite en technikons sodanig gestruktureer behoort te word dat die lidmaatskap verteenwoordigend was van die land se bevolking. Universiteitstrukture, soos die senaat, moes verklein word en op alle vlakke moes studente inspraak as verteenwoordigers kry. Strukture sou ook geskep word om die regering oor begrotings en plaaslike ooreenkoms-



*Universiteit van KwaZulu-Natal {voorheen Universiteit Natal, Pietermaritzburg} (Bron: Universiteit KwaZulu-Natal: Skakelafdeling)*

te te adviseer.[100] Die Kommissie het ook aan die hand gedoen dat daar in die besonder op die grootte en formaat van hoëronderwysinstellings gekonsentreer word. Op die terrein van afstandsonderrig is voorsien dat daar in die verre toekoms waarskynlik 'n enkele instelling sou wees wat na hierdie vorm van onderwys sou omsien.[101]

Die omwenteling in die tersiêre onderwyssektor kon nouliks afgeweer word. Universiteite, soos ook technikons en kolleges, was op owerheidsfondse aangewese.[102] Daarsonder kon hulle nie voortbestaan nie. Van meet af aan sou Suid-Afrikaanse universiteite deur die bank inskakel by die voorstelle wat die regering gemaak het. Nie 'n enkele hoëronderwysinstelling in die land was kapitaalkragtig genoeg om as 'n outonome instansie diens te lewer nie. In Augustus 1996 het die eerste verslag van die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys die lig gesien.[103] Weens toenemende geldelike tekorte het universiteite vroeg in 1997 – in sommige gevalle selfs vroeër – met 'n grootskaalse rasionaliseringsaksie begin. Die Universiteit van Natal was die eerste wat in Junie 1997 aangekondig het dat die aantal fakulteite van 14 tot sewe of agt verminder word. Ook sou die aantal akademiese departemente van 120 na 30 afgeskaal word. By implikasie het dit beteken dat dié universiteit sy personeel met 600 poste sou verminder.[104] In alle fakulteite en afdelings is met die transformasieproses begin[105] – 'n proses waarvan die uitwerking van hierdie besluit teen die begin van 2004 reeds sigbaar was.

Die proses van rasionalisering en meer markgeoriënteerde riglyne vir ontwikkeling, wat reeds in die sewentigerjare beslag gekry het (en waarna reeds vroeër verwys is), was tóé deel van die daaglikse realiteite waarmee rekening gehou moes word. Onder hierdie omstandighede het sommige universiteite hulle daarop toegespits om meer kliënt-georiënteerd te wees.[106] Die totstandkoming van die Raad op Hoër Onderwys, in ooreenstemming met die Hoëronderwyswet, nr. 101 van 1997, het 'n institusionele meganisme daargestel waarmee die regering se nuwe bestuursplan vir verandering deurgevoer sou word.[107] Die wetgewing en die totstandkoming van dié raad is voorafgegaan deur 'n groenskrif (1996) en 'n latere witskrif (1997) waarin die bepalings en doelwitte met die nuwe wetgewing in die besonder uitgespel is.[108]

Een van die opvallende kenmerke van die nuwe bedeling was dat buitelandse skakeling in die plaaslike universiteitswese aansienlik toegeneem het. Terselfdertyd is in 'n groter mate as vantevore op gehaltebeheer gekonsentreer.[109] 'n Belangriker ontwikkelingstendens was die toenemende uitkristallisering van 'n beleid om bestaande hoëronderwysinrigtings te konsolideer. In Julie 2000 het 'n taakspan van die regering voorstelle gemaak vir die ineenskakeling van instellings en 'n bepaalde klassifikasiestelsel om hoër onderwys te bevorder. Die sogenaamde 'grootte en vorm'-beginsel wat neergelê is, was daarop gerig om die gehalte van onderrig te verbeter. Terselfdertyd sou die veranderinge doeltreffendheid, gehalte en gelykheid in die hoër onderwys in Suid-Afrika bevorder. Die drie kategorieë wat in die vooruitsig gestel is, het die volgende ingehou:

- 'n Kerninstelling vir die onderrig van voorgraadse studente in ingenieurswese, rekenmeesterskap, regswese en rekenaarwetenskap, met opleiding tot op magistervlak.
- 'n Tweede kategorie is instellings wat toegelaat sou word om binne die raamwerk van bepaalde navorsingsprogramme onderrig tot op D-vlak aan te bied.
- Die laaste kategorie instellings is beplan om 'n kombinasie van die twee voorafgaandes te wees. Universiteite van hierdie aard sou beslis oor omvattende navorsingsmoontlikhede moes beskik, asook oor 'n bewese rekord van uitnemendheid.[110]

In die Komitee van Universiteitsrektore (SAUVCA) is besware teen die kategorie-klassifikasie geopper.[111] Aanpassings aan die bestaande beleid het in die tussentyd begin plaasvind. Die aanduidings was egter dat die momentum van transformasie onkeerbaar was. In die besonder is op immanente rasionalisering gesinspeel.

Teen 2001 het die regering met uitsonderlike hervormingsvoorstelle vorendag gekom. Hierdie voorstelle is geneem teen die agtergrond van die afname in studentegetalle by histories swart universiteite, in sommige gevalle tot selfs 22%, terwyl die studentegetalle van histories blanke universiteite toegeneem het. Eersgenoemde universiteite het ook 'n groot skuldlas opgebou, hoofsaaklik omdat sommige van hul studente nie gereeld klasgeld betaal het nie. Die Raad op Hoër Onderwys was van mening dat hierdie instellings summier gesluit moes word.[112] In die wandelgange is uitgespel dat Suid-Afrika se 21 universiteite en 15 technikons te veel was.[113] Die regering het egter die versekering gegee dat hierdie instellings nie gesluit sou word nie. Veel eerder is gefokus op die moontlikheid om die minder geslaagde by die meer suksesvolle instellings in te skakel.

Onder meer is in die vooruitsig gestel dat Unisa kon amalgameer met die afdeling vir afstandsonderrig van Vista Universiteit en Technikon SA. In KwaZulu-Natal is die konsolidasie van die Natal Technikon en die M.L. Sultan Technikon in die vooruitsig gestel. Verder het die regering voorsien dat 'n meer verteenwoordigende groep studente uit al die bevolkingsgroepe aan tersiêre instansies sigbaar moet wees. Ook sou studente uit die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskappe (SADEK) gewerf word om aan Suid-Afrikaanse universiteite te studeer. 'n Afname in die aantal studente wat in 'n studierigting soos die menswetenskappe moes onderrig ontvang, is ook in die vooruitsig gestel, terwyl in ander studierigtings soos die natuur-



*Prof. Jakes Gerwel (Bron: www.http://images.google.com {soektog op 10 Jun. 2004})*

wetenskappe 'n daadwerklike toename moes plaasvind.[114] Vir universiteitsonderrig in Afrikaans het die toekoms rooskleuriger begin lyk nadat 'n kommissie van ondersoek onder leiding van prof. J. Gerwel, voormalige Rektor van die Universiteit van die Wes-Kaap, aan die regering voorgestel het dat die PU vir CHO en die Universiteit van Stellenbosch in die toekoms ook as Afrikaansmedium-universiteite sou kon voortbestaan.[115] Teen die einde van 2001 het die PU vir CHO sodanig geposisioneer dat dit sou moontlik wees om in die toekoms nog beter as universiteit van uitnemendheid binne 'n internasionale en internasionale konteks te funksioneer.[116]

In Mei 2002 het die regering formeel aangekondig dat die institusionele landskap van die hoër onderwys in Suid-Afrika in die afsienbare toekoms gaan verander. 'n Oorhoofse beplanningswyse is bekendgemaak vir die konsolidering van tersiêre onderwysinstellings. Universiteite en technikons sou by wyse van oorname en inkorporering saamgesnoer word om binne die regering se raamwerk vir hoër onderwys in te pas.[117] In wese het die plan daarop neergekom dat die aantal hoëronderwysinstellings van 36 na 21 verminder sou word. Binne die nuwe bestel sou 11 universiteite funksioneer waarvan twee meer sou fokus op die voorsiening van beroepsgerigte programme, soortgelyk aan dié wat aan technikons aangebied is. Hierdie programme moes in streeksbehoeftes voorsien. In die toekoms sou daar ook net ses technikons[118] wees. Vier omvattende instellings is in die vooruitsig gestel. Van hierdie vier instellings sou drie omvorm word op grond van die oorname van 'n technikon en 'n universi-teit, en een deur die herontwikkeling en die hervasstelling van 'n bestaande universiteit se fokus.[119] Twee nasionale institute vir hoër onderwys is ook beoog.[120]

In die praktyk het dit beteken dat in bykans al die provinsies al die tersiêre instellings van Suid-Afrika deur die voorgestelde hoëronderwysbestel geraak sou word. In die Oos-Kaap sou die Port Elizabeth Technikon en die Universiteit van Port Elizabeth saamgesnoer word. Die plaaslike kampus van Vista Universiteit sou by die nuwe bedeling inskakel. Die Grens en Oos-Kaapse Technikon sou saamgesnoer word, en die beskikbare infrastruktuur van die Universiteit van die Transkei sou die kern vorm van die nuwe instelling, met takke in Oos-Londen en Umtata. Die Universiteit van Fort Hare en Rhodes sou as afsonderlike instansies bly voortbestaan. Die statuur van Fort Hare is ietwat versterk met die toevoeging van loodskampusse van Rhodes en die Universiteit van die Transkei.

In die Vrystaat was die belangrikste verandering dat die Vista Universiteit se Bloemfonteinkampus en die Qwa Qwa-tak van die Universiteit van die Noorde by die Universiteit van die Vrystaat ingeskakel sou word. In KwaZulu-Natal sou die Mangosutho Technikon by die Durbanse Instituut vir Tegnologie ingeskakel word. Die Umlazi-kampus van die Universiteit van Zoeloeland sou ook by dié technikon ingeskakel word, terwyl die Universiteit van Durban-Westville en die Universiteit van Natal moes amalgameer. Die Universiteit van Zoeloeland sou heraangepas word om 'n omvattende instelling te word wat opleidingsprogramme soortgelyk aan dié van technikons sou aanbied. In die Limpopo-provinsie sou die Universiteit van die Noorde, die Universiteit van Venda en Medunsa saamgesnoer word. Vir Gauteng is voorgestel dat die Randse Afrikaanse Universiteit en die Technikon Witwatersrand saamsmelt.[121] Die Universiteit van die Witwatersrand en die Universiteit van Pretoria sou as afsonderlike instellings kon bly voortbestaan. Laasgenoemde is wel versoek om die Vista Universiteit se Mamelodi-kampus te inkorporeer.

Een van die grootste uitdagings in die nuwe bedeling was die opdrag aan die PU vir CHO. Hierdie instelling wat sedert selfstandigwording in 1951 as 'n uitnemende voorbeeld van 'n karakter-universiteit in Suid-Afrika ontwikkel het, moes met die Universiteit van die Noordweste en Vista (Sebokeng) saamsmelt.[122]

Kenners het aan die begin van die proses in 2002 verklaar dat dit nouliks haalbaar was.[123] In die besonder is, nieteenstaande departementele ondernemings, gewaarsku dat baie mense hul poste in die nuwe bedeling gaan verloor.[124] Ook was daar egter dié waarnemers wat die regering vir die inisiatief geloof het.[125] Inmiddels het die regering ingespring en aan universiteite en technikons bystand verleen deur 'n eenheid daar te stel wat hulle met die inskakelingsproses kon help.[126]

Teen die einde van 2004 was dit duidelik dat een van die mees omvattende veranderings in die geskiedenis van die tersiêre onderwyssektor van Suid-Afrika bo verwagting goed gevorder het.[127]

In die geval van die PU vir CHO is positief in die nuwe stroom inbeweeg met dien verstande dat die nuwe tersiêre instelling wat op 1 Januarie 2004 tot stand gekom het, 'n bepaalde waardegedrewe karakter sou handhaaf.[128]

In die volgende hoofstuk val die kollig op die PUK-bestuur se invloedryke rol en visie sedert 1951 om uitnemendheid te bevorder binne die raamwerk van die onderwysgebeure en -ontwikkeling soos wat dit in Hoofstuk 2 uitgewys is.



*'n Lugfoto van die Universiteit van die Witwatersrand, in 1960 bekend as die Milner Park-kampus.*
*(Bron: B.K. Murray,* Wits the 'open' years, *p. 159)*




*Bestuurshoofde van sowel die UNW as die PUK byeen om te besin oor die proses van samesmelting – 'n ideaal wat in Desember 2003 verwesenlik is; agter v.l.n.r. Frans du Preez, Robert Kettles, C.F.C. van der Walt, Shamiela Letsoalo, Theuns Eloff Middel: Dan Setsetse, Maarten Venter, Madoda Zibi, Piet Prinsloo, Akhbar Bootha, Sevid Mashego, Nhlanhla Maake, Ngoato Takalo, Stephen Langtry Voor: Johan Rost, Frikkie van Niekerk (Bron: PUK-Argief)*